DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 88
2068 1708

Jaargang 31 Nr. 10 piketberg.bergriviertourism.co.za November 2024 ☎ 022 913 1796

facebook Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00

PHS se Hoofleiers vir 2025

Haroldia Lockett (onderhoofmeisie), Jéan-Alet Scheepers (Hoofmeisie), AJ Treurnicht (Hoofseun), Alexander De Villiers (onderhoofseun)

Hoërskool Piketberg se VRL vir 2025

Piketberg se koerant vir Piketberg se Mense……

Gawie Richter sê dankie	...p2
PCPF wil mooimaak	...p4
André maak 'n verskil	...p6
Historiese roete brei uit	...p7
Cleo Forbes presteer	...p10
Piketbergers trou	...p12
PHS Matriekafskeid	...p14
Groete uit Australië	...p17
SSS-Dux-leerder	...p18

Redaksioneel

Die "Te" in Tevrede

My wyse oupa Willie Conradie was baie gevat met sy op- en aanmerkings. Ek is spyt dat hy dood is toe ek maar drie was. Kan nie veel van hom onthou nie, maar my prentjie van hom en my ouma op die plaas, Tierfontein, 5km uit Albertinia, is ingekleur met gasvryheid, 'n dam vir speel en swem, hoenderhokke en weglêhoenders, 'n tuiekamer, regte verekomberse en karmenaatjies uitdeel. Families uitlê was een van sy baie gawes, ons oupa, die hoefsmid-ystersmid, met sy werksplek, die smidswinkel.

Hy was versigtig vir "te", hy het geglo in net drie "te's": tevrede, te voet en te perd.

Ná my operasie ontdek ek weer die waarde van "te voet" beweeg. Om tydelik "te voet" te wees, bring 'n kalmte, beter tydsbeplanning, minder dinge inpas en veral...vertoef langs die pad. Die afgelope paar weke is ek geseën met kort en terloopse ontmoetings langs my pad en ook langer en dieperes. Terwyl die somerson nog nie so fel is nie, is te voet dorp toe geen probleem nie, en met die terugkom, ná 'n ellelange steilte, daal 'n genoeglike tevredenheid oor my neer.

Liefde
Marietha

Calendua Vriendskapsete 13 November om 18:30
Kaartjies @R40 by BADISA Kantoor

Die Piketberger Redaksie

Berigte, foto's en proeflees: Marietha Goosen
☎ 022-913 1796
Uitleg: Nikki Watson
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Volblad: *R550* ***Halfblad:*** *R390*
Kwartblad: *R270* ***Agsteblad:*** *R190*
Ander groottes op aanvraag.

Marietha Goosen

Nikki Watson

Briewe van ons lesers…

Gawie Richter Snr - Spesiale Dankie

Die Inwonerskomitee van Huis AJ Liebenberg wil graag 'n groot DANKIE sê.

Eers as jy hier is, besef jy die waarde van so 'n instansie van ons dorp. Veral die gerustheid wat jou kinders ervaar omdat jy in goeie sorg is.

Ons, as Inwoners wil graag almal bedank wat help om hierdie fasiliteit staande te hou. Die toekoms van Huis AJ Liebenberg word grootliks bepaal deur skenkings en ondersteuning van die gemeenskap. Meeste wil nie in die openbaar erkenning en dankie gesê word nie, maar hiermee wil ons 'n spesiale dank rig en waardering vir elke skenking hoe groot of hoe klein ookal van die afgelope jaar.

Vir ons daaglikse bestaan sê ons dankie vir die Beheerraad, Bestuur en personeel, asook die wat omsien na die geestelike welsyn van ons huis.

Elkeen se bydrae en aandeel, groot of klein, ieder en elk, om hierdie huis staande te hou word deur elke inwoner besef en waardeer.

Baie dankie!

PHS se Junior Landbouvereniging vir 2025

Gr 10: Lisa Fourie, Lené Loubser, Johan Schreuder en Marene van Zyl. Gr. 11: Jeano Abrahams, Luscké Maree, Beunay Markus, Lisa Mouton en Cleo Smith. Gr. 12: Janie Bester, Niel Cooper, Mari Fivas, Wilhelm Jacobs, Hanlie Lambrechts, voor in die middel (Ondervoorsitter), Bertus Potgieter, Jean-Alet Scheepers, Prince Seerane, AJ Treurnicht, middel voor (Voorsitter), Wilmari van Zyl en JW Visser. Die personeel verteenwoordigers is regs Wilmari Smith (skakelpersoon) en Cobus Matthee, links.

Hierdie leerders is verkies volgens kriteria wat hoofsaaklik gebaseer is op hul beroepskeuses, vakkeuses, leierseienskappe en belangstelling in die Landboubedryf. Die primêre doel en fokus van die Junior Landbouvereniging is om die skakel tussen georganiseerde landbou (Agri Wes-Kaap), die plaaslike Landbouvereniging (Piketberg Landbouvereniging) en die skool (PHS Junior Landbouvereniging) te wees. Die sekondêre doel is om Landbou in die skool te ontwikkel en te bevorder deur opvoedkundige lesings, aktiwiteite, demonstrasies en verder ook projekte wat deur die leerders geloods gaan word. PHS is baie opgewonde oor hierdie nuwe, waardevolle vereniging wat in die skool tot stand gebring is. 'n Spesiale dank aan Afgri Piketberg (Bestuurder Thys Bester), Piketberg Landbouvereniging (Voorsitter: Bertus Eksteen en Sekretaris Munnik Rossouw) en Agri Wes-Kaap wat hande vat in die ontwikkeling van landbou in die skool.

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop R2 900 000

3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Akkerstraat, Piketberg.
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R1 890 000

3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Langstraat, Piketberg.
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Huur R10 000 p/m

4 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur R1 265 – R1 495 p/m

Motorhuise
Piketberg
Kontak Yolanda: 084 506 4288

Te Huur R41 per m²

Industriële eiendom
Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Verkoop deur Thys



Plaas, Piketberg

PCPF wil mooimaak

PIKETBERG COMMUNITY POLICE FORUM (PCPF) PROJECT – PAINTING OF HISTORIC BUILDING HOUSING THE POLICE STATION AND JUDICIARY

The Piketberg Community Police Forum (PCPF) as a statutory organisation function as the bridge between the community and South African Police Services (SAPS).

During the year 2024 our CPF in conjunction with our stakeholders such and Piketberg Sports development Foundation, Western Cape School Social Workers, ACVV, Badidsa Our Religious Councils and you as donors launched projects such as Sports clinics for Learners, Handball tournaments for learners, an educational excursion, the Painting of our local Police station and many awareness programs such as awareness against gender base violence, bullying and drug abuse. With all these projects we managed to draw our community closer to our police officials. The culmination of this process will be an Awards function to be held on 15 November 2024 where we will give recognition to outstanding community members and Police officers.

Our organisation receives an annual funding from the Department of Police oversight community safety. However, this is inadequate to sustain all projects earmarked for 2024. The CPF is currently busy with a priority project which is the painting of the Historic building housing our Piketberg Police Station. Prominent business-people from within our community (including PIKET Implemente, Lieb-Co, Two Acres, Build It, Dunlop, Afgri, Boland Super Spar as well as Ward 3 & 4 Councillors) and surrounding areas bought into this idea and will be responsible for funding this project. Donation boxes to facilitate community involvement will be stationed at selected businesses.

All donations will have an impact on the successful completion of our project and would be hugely appreciated. Acknowledgement of any contribution will be conveyed to the wider community and feedback on the status of the project will be shared with all donors.

Troukar 13 jaar later

Die troukar waarin André en Mariné Lambrechts op 1 Oktober 2011 gery het, is ná 13 jaar opgeknap en by PHS se matriekafskeid "ingespan".

Juan Smit en Marjolane Beets by Mariné Lambrechts. Die 'karperde' agter is Johan Schreuder en Alexander de Villiers

Die volgende Piketberger is die Desember uitgawe en verskyn op 5 Desember 2024. Sperdatum is 26 November 2024. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

MORRISON TRADERS

Cell/Whatsapp: 072 319 8996 Email: gdvmorrison@yahoo.com
Fax: 086 274 4227 Web: www.carnivalcandyfloss.co.za

Werk/Reis/Wegbreek

Morrie's Place InTown (Piketberg)
Gastekamer - Netflix en 'n Uitsig

- Badkamer met aparte ingang -
- Stoof met warm plate -
- Gratis Wi Fi - Braaiplek - Mikrogolf
- 2 x enkelbeddens - Kroeg Yskas
- Selfsorg - Swembad - Veilige Parkering -
Netflix TV - Plaas staproete -

Maxi blend smart food
(Piketberg omgewing)

Ons verskaf 'n uiters bekostigbare, smaaklike en gebalanseerde maaltyd.

Perfek vir:

- nagskuilings
- Skole
- Klinieke
- Sopkombuise
- Enige huishoudings se spens
- Kinderhuise
- Plaaswinkels

Produk is: Suikervry, Vetvry, Hoog in vessel, Lae GI, Hoog in proteine, Geskik vir diabete

Whatsapp: 072 319 8996 (Villiers)
Email: gdvmorrison@yahoo.com

Like us on Facebook

Piketberg koerier
Vrydae

Wil jy dalk iets op facebook market place/ gumtree ens koop? (Kontant optel beskikbaar)

Ek tel en laai pakkies af/op, Vrydae in die Kaapse voorstede en omliggende dorpe

Hanteer en lewer ook besigheids en privaat pakkies af, vanaf Piketberg / Moorreesburg / Malmesbury na Kaap en omliggende dorpe

Carnival Candy Floss / Spookasem

Partytjies - Promosies - Skole - "Baby showers" - Nagereg menu - Markies - Donasies - Kinder speelparke - Winkels - Troues - meer

www.carnivalcandyfloss.co.za

André maak 'n verskil

Baie verwysings en een ontmoeting later...om André Swarts te leer ken, is om 'n man met baie deugde te ontdek, iemand met vele talente, 'n passie vir God, vir die lewe en vir kinders. Hy word groot as 'n 'oumakind', terwyl sy hardwerkende ma haar brood elders moet verdien. By ouma Griet leer hy sy passie vir kos. Konkoksies in die kombuis agter die kospotte word vir hom soos Kuns. Afval skraap, brood insuur en bak, konfyte en marmelades, noem op. Sy droom om sjef te word, realiseer nie op papier nie, maar op Winkelshoekplaas is daar altyd koekies, koeke en koeksisters vir almal wat wil proe. Funksies is sy spreekwoordelike kos - mooimaak kom maklik en vinnig.Sy studies in Kantoor Administrasie op Citrusdal begin kort na skool en sy prakties doen hy by sy Alma Mater, Groenvlei Primêr. Sy potensiaal word raakgesien en baie vinnig word hy die vorige hoof, Mnr Farao se persoonlike assistent. Terloops, gedurende die jaar ná skool, het hy 'n creche op die plaas staangemaak wat later moes plek maak vir iets anders. Van kleins af leer Ouma Griet vir hom onafhanklikheid en selfstandigheid. Hy gryp geleenthede aan, reeds van jongs af. Sedert 12 jaar gee hy Sondagskool in die Morawiese kerk en leef sy passie vir die Here uit. Vir die afgelope klompie jare hanteer hy die kerk se jeugaksie, ondersteun die jonges en skryf elke jaar 'n kersspel vir die planke. Ouma Griet het immers voor haar afsterwe beloof om by elke konsert steeds in die voorste ry te wees. Wanneer dit binne sy vermoë is, gee hy graag kerspakkies vir die kinders met ietsie te eet, ietsie om mee te speel en ietsie vir die volgende skooljaar.Sy loopbaan bly egter nie by Kantoor adminstrasie nie, sy kop staan onderwys toe, veral vir die Vroeë Kind Ontwikkelingsfase, daar waar die impak enorm is. Hierdie oud-leerder van SSS behaal sy B Ed-graad in 2018, aan UNISA. Sedert verlede jaar is hy op vryskutbasis 'n assistent by Klein Klitsies in Piketberg. Kleuters is gaande oor André, almal wil met hierdie sagte teddiebeer speel en sy aandag hê. Bouwerk? Tuinwerk? Ja, André se hande staan vir niks verkeerd nie.Sy leergierigheid, selfmotivering en sy liefde vir mense laat hom elke uitdaging aanpak.Vandag het ek 'n versorger by uitnemendheid ontmoet, iemand met impak.

Hierdie fenomenale mense-mens, is beslis God se verlengstuk op aarde, . Vandag het ek 'n versorger by uitnemendheid ontmoet, iemand met impak.

SSS Study Hubs in die Kring

Ter voorbereiding vir die NSS Eksamen wat op 21 Oktober 2024 begin het, het omliggende dorpe en voederskole van Steynville Sekondêr aangebied om met studiesessies te help. Matrikulante word Maandae tot Donderdae vanaf 6uur tot 8uur met hulle studies bygestaan.

Die venues is die biblioteek by Wittewater, Goedverwacht Primêr, Eendekuil Primêr, Hoërskool Dirkie Uys op Moorreesburg, Laurie Hugo Primêr en die VGK se kerksaal op Piketberg.

Kollegas van Steynville Sekondêr wat in die omliggende dorpe bly, hou om die beurt toesig. Toesighouding word ook gedoen deur plaaslike inwoners en oud-leerders.

SSS se personeel is dankbaar teenoor elke instansie vir hulle geriewe, aan diegene wat toesig hou en aan diegene vir donasies in die vorm van versersings by sommige sessies.

Steynville Sekondêre Skool matrikulante aan die werk in die biblioteek op hul tuisdorp, Wittewater.

Historiese roete brei uit

Eric Havenga en Marié Ehlers (Beheerraadslede van Bergrivier Toerisme) en Georgia Abrahams (Bemarker) staan by een van die vyftien nuwe borde op Piketberg se Historiese Roete.
Die borde is geskenk deur verskeie besigheidseienaars van Piketberg. Die Historiese roete is onlangs uitgebrei en die bekendstelling hiervan word beplan vir begin Desember. Skakel die Toerismekantoor (022 913 2063) indien jy wil saamstap.

Piketberg Dieresorg

Skenkings van komberse, hondekos, katkos, Nekbandjies, leibande en katmandjies welkom.

Hierdie advertensie geborg deur Sam en Berenice Scheepers

Your donation helps fund sterilisation, food, fostering and care of kittens, cats, puppies and dogs from disadvantaged communities in the Piketberg area.

WIN A STAY AT HARMONIE 1 GUESTHOUSE IN PATERNOSTER!

3 NIGHTS FOR 6 PEOPLE

Win an exclusive getaway at Harmonie 1 in Paternoster worth R8000! With sea views, walking distance to the beach and accommodation for 6 people, this self-catering guesthouse offers the ultimate holiday by the sea.

• Bookings available in 2025, excluding peak season •
• Pets welcome on request •

How to Enter

EVERY R200 YOU DONATE TO PIKETBERG ANIMAL CARE GETS YOU 1 TICKET TO ENTER THE RAFFLE. GIVEAWAY ENDS 30 NOVEMBER 2024 - ENTER AS MANY TIMES AS YOU LIKE!

Banking Details:

Piketberg Dieresorg NPC
Capitec, 470010
Savings Account: 1606488552
REF: Lucky + your phone number

Stik & Stoffeer

Christo: 083 399 7988 **Linda:** 083 501 3637 022 913 3326

oregonandmore@telkomsa.net

- **Stoffering van banke en stoele**
- **Motorsitplekke**
- **Trekkersitplekke**
- **Kom kies stoffeer- en gordynmate-riaal uit voorbeelde van wye reeks verskaffers**
- **Restourasie van meubels**
- **Geskenke en Dekor**
- **Slyp van messe**

Langstraat 59, Piketberg
Reg oorkant Agrimark

Waar mooi maak en nuut maak nooit ophou nie!

Op die Rakke van die Biblioteek...

Suzette Kotze-Myburgh, tweede van links, vryskut taalpraktisyn en joernalis, besoek Piketberg Leeskring. Sy deel haar jarelange ervaring as redakteur, samesteller en redigeerder van fiksie. In kort verduidelik sy die proses om 'n skrywer se boek uit te gee. By haar is Gerna Croeser, wat die oggend gereël het, en gasvrouens Hester Stapelberg, Judy Nortjé en Madelie Burger.
Foto: Marietha Goosen

Huis AJ Liebenberg Opedag

VLV Piketberg bak en brou behoorlik om kleur aan die teetuin te gee by Huis AJLiebenberg se opedag.

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

Bergrivier Dental
TANDHEELKUNDIGE PRAKTYK

PIKETBERG CITRUSDAL VELDDRIF

Dr Herold Truter, Dr Saskia Smalberger, Dr Jasper Müller en Bendert Smit help graag met enige van die volgende prosedures:

- Mondhigiëne: Skaleer & Poleer
- Algemene en voorkomende tandheelkunde
- Herstellende tandheelkunde
- Ortodontiese tandheelkunde
- Mondchirurgie
- Kosmetiese tandheelkunde
- Bleikings & Mondskerms

Skakel ons gerus vir 'n konsultasie

Piketberg	022 913 1630
Citrusdal	022 921 3110
Velddrif	022 783 0092

www.bergrivierdental.co.za

Alison Muller se klavierleerlinge van HS Porterville behaal puik uitslae tydens die onlangse UNISA klavier eksamens. Fillip Kleynhaus VGr 7 92 % en Sarah Isbandi Gr 7 90 %

SINCE 1951
LIEBCO FOODS
70 years of Meaty Goodness

BESOEK JOU NAASTE LIEBCO VIR KWALITEIT PRODUKTE MET SAKPAS PRYSE!!

LIEBCO Express
CITRUSDAL - CLANWILLIAM
PORTERVILLE

LUCKY DRAW WENNERS

HULLE WEN ELK 'N R1000 LIEBCO GESKENK BEWYS

KAAMIELAH BLAAUW

BJOGHAN WITBOOI

SENOBEA TITUS

SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

STEYNVILLE SEKONDÊR

ACVV TRIPPE TRAPPE

VOETSPOORTJIES

UNIQUE SUPPORT & CARE FOUNDATION

GAAN VOLG ONS OP LIEBCO VLEISHANDELAARS SE 'FACEBOOK & INSTAGRAM' OM OP HOOGTE TE BLY MET DIE NUUTSTE AANBIEDEINGE.

Unisa klavier eksamens

Hierdie leerlinge van Komien van der Westhuizen het uitstekend presteer in hul Unisa klavier eksamens. Agter Priya Booys (Graad 3 - 71%), Jesse Philander (Graad 3 - 80%), Krige Liebenberg (Graad 1 - 90%) en voor Klaradyn Strydom (Graad 1 - 80%) en Christiaan Coetzee (Graad 1 - 82%).

Vinique Diergaardt slaag haar Unisa Graad 1 klavier eksamen met 78%.

Alison Muller se klavierleerlinge van HS Porterville behaal puik uitslae tydens die onlangse UNISA klavier eksamens. Fillip Kleynhaus VGr 1 92% en Schalk Theron Gr 1 90 %.

Sang Wes-Boland Eisteddfod

Alison Müller se sang-leerders behaal puik prestasies by die Wes-Boland Eisteddfod: Cum Laude individueel: Gavonique Engelbrecht en Lené Loubser. Goud individueel: Reveshni de Bruin, Rodazné de Bruin, Marenique van Zyl en Mia van Wyk. Goud duet: Lené Loubser en Reveshni de Bruin.

Reveshni de Bruin is die wenner van die Superspar Boland Musiekbeurs vir 2025.

Karate

Cleo Forbes behaal die volgende prestasies by die World Shotokan Karate-do Federation se Nasionale byeenkoms: Kata – 2de plek; Basic Kumite - 2de plek; Shiai Kumite - 3de plek. Regs is Cleo se pa, Reagan.

Alison se Swemskool

9 - 20 Desember 2024

R480 vir 8 lesse.

Waterveiligheid en styl vanaf 1jr tot oud.

Bespreek dadelik. Beperkte plek!

Kansellasies binne 3 dae van 'n kursus, is volle fooi betaalbaar.

Kontak Alison Muller by 073 229 2855, verkieslik saans

Robert Jankielsohn en Robyn Gerber by die Cape Town Marathon, albei se eerste 42,2km.

Ben Fourie en Sujen van Huyssteen neem deel aan die Cape Town Marathon en stap weg met medaljes.

EXCLUSIVE SCENTS

BOTTLED CONFIDENCE

Exclusive Scents 60ml (Women)

R165

Exclusive Scents 55ml (Men)

Inspired By :

Dolce & Gabanna Light Blue
Chanel no.5
Zadig & Voltaire This is Her
Zadig & Voltaire Girls can say anything
DKNY Be delicious (Green)
Jean Paul Gaultier Scandal
Bvlgari Crystalline
Red Door
White Diamonds
Miss Dior Cherie
Yves Saint Laurent Black Opium
Britney Spears Curious
Britney Spears Fantasy
Paco Rabanne 1 million
Burberry Her
Gucci Rush
Louis Vuitton Matiere Noir
Narcisco Rodriguez
Versace Dylan Blue
Carolina Herrera 212 Good Girl
Issey Miyake
Avroy Shlain Coppelia
Lancome La Vie Este Belle
Coco Mademoiselle
Chloe
White Musk
Little Black Dress

Inspired By :

Carolina Herrera 212 Vip
Dolce&Gabanna Light Blue Forever
AntonioBanderas Blue Seduction
Baccarat Rouge 540
Joop ! Joop ! Homme
Kouros
Ferrari Black
Blue De Chanel
Polo Blue
Sauvage Dior
Paco Rabanne Invictus
Tom Ford Noir
La Coste White
Hugo Boss Bottled
White Oud
Creed Aventus
AntonioBanderas King of Seduction
Bvlgari Aque Marine
Versace Eros
Aqua Di Gio

Kontak: Janette Van Der Walt
Vir enige navrae of bestellings,
stuur gerus 'n whatsapp na
066 032 0045

Our Perfumes are crafted with the finest ingredients, ensuring a long-lasting scent that boosts your confidence!

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede - November 2004
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
20 bladsye Donasie R1,00
Rubrieke Briewe van ons lesers, Uit Jannie se pen

Voorblad: Jong Eendekuilers gekroon: Mnr en Mej Eendekuil snr is Pieter Smit en Anja Smit. Mnr en Mej Eendekuil jnr is Eben Königk en Cari Kotze.

Die drie broers, Johan, Petrie en Charl Smith woon die Verkeerd-om dans by tbv Piketberg Skou.
Sinkdakkie se nuwe eienaar is Marindé Saayman.
Winkelshoek borg Badisa se brandstof.
Tieners hou Roadhouse by NG Kerksaal en dra sixty-rokke.Praktika en AJF Eigelaar en seun span saam vir 'n stategiese beplannings werkswinkel.
PHS vier 10 jaar van demokrasie.
Madelein Gerber spreek die Ringsvroue toe oor die bediening aan Vrouelidmate.
Peet en Elize Roodt werk aan die geskiedenis van Piketberg as deel van 'n museumprojek.
PHS prysuitdeling: Annelie, Bertus en John Eksteen word vir redenaars en kuns beloon. Willemien Smith ontvang die Skoolhoofprys. Bertus le Roux - Houtwerk, Edgar Adams - Skaak, Stefan Ellis - Wisk en Wet, Lizaan Smit - Dux Hoërskool, Karlita Morrison - Dux Laerskool.
Hoofleiers: Jean Truter en Sonja van Niekerk. Onderhoofleiers: Petrie Myburgh en Lené Lambrechts.
Abrie Engelbrecht word deur OK beloon vir sy eerlikheid om geld, wat by die OTM is, te gaan ingee.
'n Waterskilpad loop in Fonteinstraat op soek na water.
Kinderkrans besoek SAPD.
Kinderkrans slaap uit vir Makatini.
Die beheerraad van Huis AJL bied 'n Lentetee aan vir seniors.
A hundred years of Bliss: Japie en Magda le Roux se vier dogters woon die 100jaar vieringe van Huis Bliss op Wellington by. Sedert 1995 het Endriëtte, Carine, Marietjie en Petronel mekaar opgevolg in Huis Bliss.
Piketberg hou eerste Kersmark. Martin Domburgh is sedert April aangestel as Toerismebeampte.
Donderdae is Gratis-Coke-Dag by Boland Spar - vir elke R120 spandeer saam met 'n 2liter Coke, kry nog een gratis.
Boland Spar personeellid van die maand is Fransiena Markus.Goedverwacht se gr R's kuier by Boland Spar se bakkery.

Piketbergers Trou

Zoë, dogter van Henk en Salomie Pieters van Piketberg, is op 12 Oktober 2024 in die huwelik bevestig met Hennie Pienaar, seun van Hendrik en Henriëtte Pienaar van Somerset-Wes.
Die seremonie en onthaal was by Lourensford Estate.

Foto: Tammy Anne Ellerbeck

Chris van Schalkwyk en Lu-Mari Groenewald is getroud op 30 Augustus 2024 by Gourikwa. Hulle vestig hulle op Langkuil, Riviersonderend, waar Chris by AB InBev navorsing op gars doen.
Foto: Caroline Pinto Photography.

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

FMTM

FULL MOON THAI MASSAGE

Treatment	20 min (Specific Symptoms Massage)	30 min	60 min
Thai Original	R150	R280	R380
Thai Oil	R150	R280	R380
Sport Massage	R150	R330	R430
Head / Neck / Back / Shoulder	R150	R280	R380
Foot Massage	R150	R280	R380
Ear Spa	-	R280	-
Hot Stone + Massage	-	-	R500
Facial Massage	-	-	R450
Cupping + Massage	-	-	R500
Only Cupping	R250	-	-
Only Hot Stone	-	-	R380

To make a reservation please phone 064 404 9558
or send an email to bookings@fmtm.co.za

www.fmtm.co.za

Uit die kunskamer van
Saars Shabby 'n Shine*met*
baie "shabby" en bq "shine"

Hallo, hallo, en sommer nog 'n paar hallo's!! Wat 'n lieflike dag…en meer nog…lieflike LEWE!!!
Tussen rondry saam met VLV-vriendinne op 'n Riebeeck uitstappie, en bywoon van 'n leeskringoggend, is my hart oorlopens toe vol van opgewonde drome en vooruitsigte vir die toekoms…
Op ons uitstappie het ek 'n super stunning winkel ontdek, en met Suzette se ontmoeting saam met die leesgierige dames, het 'n kleeein saadjie in my brein vasgesteek… dus bars hierdie grys koppetjie van my met idees! En ek glo almal is dit eens dat na vernietiging, oftewel brand, verrys daar die mooi en goed… en dis presies net so vir my…
My voorheen swart roet-besmeerde vingerpunte gly nou daagliks oor die mooiste wit papiere en wanneer my nuwe printer klaar sy inke gestort het, kry ek hierdie opgewonde warmte binne-in my oor wat ek kan, wil, en hopelik wel gaan skep… albums, joernale, kaarte, en beslis baie meer… 'n Tien-jaar lange idee (of droom…) neem skielik meer vorm aan, en al my papier- en kuns- liefdes, saam met my liefde vir lees, en dan bowenal my liefde vir Ons Pa, Sy 1000de blessings, en talente wat onder 500 melkkanne, gieters, en ou strykysters in my tuin weggesteek is, is op 'n koers waar ek op die oomblik net in verwondering is!! Maar eers genoeg hiervan… Besef julle dat elke liewe oomblik van lewe kan lei tot 'n stille opgewondenheid, of selfs 'n luide WOW-ness, en dit op sigself kan uitkring waar vele rondom jou gevul word met dankbaarheid?
Om net om jou rond te kyk na 'n kind se glimlaggende foto, 'n spesiale trou-album waar liefde straal, 'n vergete joernaal waar drome en gedagtes neergepen is (deur jouself, of deur iemand na aan jou), briewe van lank gelede waarin nuus oorgedra is… die herinneringe wat daarmee weer na vore kom, en die lekker-lag tye om te onthou, maak dit vir seker werd om bq ekstra tyd daar- voor in te sit… en natuurlik nou in die tegnologiese era van eposse en fotos deur whats-app, kan jy nog makliker en vinniger onthou-oomblikke skep wat lank in die toekoms nog waardeer en gekoester word… Doen jouself en jou geliefde nasate die guns daarvan en daar sal vir seker waardering daarvoor wees! Spandeer jou tyd wys en sinvol… laat genoeg 'memories' na… waardeer die helder sonstrale… en droom groot! Dis my wens vir jou hierdie November!!!

De Waal Visagie en Kyla van Zyl

Whitney Müller, Mej PHS

PHS Matriekafskeid

Lené Kruger en Nico Kersop



Gabrie Loubser en Nica Boersma

Henro Brand

Zane Jacobs

Dayle Julius en Gelermore Baron



Jandré Truter en Alexandra Visser

JC van der Westhuizen en Annika Steyn

GP Rossouw en Sumé Olivier

BIERMAN GROUP
OPTOMETRISTS

2 FOR 1 PROMOTION

Get a free pair of prescription sunglasses

When you test your eyes and have specs made. **T's & C's apply**

www.biermangroup.co.za

Malmesbury
+27 22 482 4454
Prima Centre
Voortrekker Rd

Piketberg
+27 22 913 1349
Piquetberg mall
54 Long St

Langebaan
+27 22 772 0393
The Laguna Mall
Laguna St

Vredenburg
+27 22 719 1165
Weskus Mall
Saldanha Rd

Piketberg Museum

In al my jare by die museum was daar baie min besoekers wat nie na hul besoek met heimwee iemand of iets uit hul verlede onthou het nie. “Aaaggg, my ma/ouma het so ‘n bak gehad!” My antwoord is altyd dieselfde:

“Die lekkerste van ‘n besoek aan ‘n museum, is die herinneringe!”

Hoe ouer ons word, hoe meer onthou ons die verlede en kom die uitdrukking, “die goeie, ou dae” dikwels in ons gedagtes op. Onlangs hoor ek ‘n liedjie, ***Grandpa, tell me ‘bout the good, old days*** deur ***The Jedds*** en dit laat my weer opnuut terugdink en verlang na my kinderdae. Mag ons leer uit die foute van die verlede, maar ook die goeie en die mooi daarvan diep in ons harte bêre en in ons eie lewens toepas!

Grandpa, tell me 'bout the good old days, sometimes it feels like this world's gone crazy. And Grandpa, take me back to yesterday, when the line between right and wrong didn't seem so hazy.

Grandpa, everything is changing fast, we call it progress, but I just don't know. And Grandpa, let's wander back into the past and paint me the picture of long ago.

Did people really fall in love to stay, and stand beside each other, come what may? Was a promise really something people kept, not just something they would say and then forget?
Did families really bow their heads to pray, did daddies really never go away?
Oh, Grandpa, tell me 'bout the good old days.

Kerkstraat * info@piketbergmuseum.co.za * 022 913 2177
*** www.piketbergmuseum.co.za**

Groete uit Australië

deur Carushka Rabe



En so begin die laaste kwartaal, 'n besige een vol opwinding. Francois het dadelik begin met "Farmskills sert 2". Hulle het sonars op beeste gedoen, na 'n kruietuin toe gegaan om meer te leer oor kruie en ook appelbome voeding gegee. Jurica behaal by die Country week 'n sertifikaat vir Beste Speler in "indoor soccer". Haar "toolbox" wat sy in Metalworks gemaak het, word op 5 November uitgestal by die Dinninup Agricultural Show. Dan is dit boonop atletiekseisoen. Jurie is bedrywig, dis baaltyd vir groenvoer by sy werk. By my werk gaan dit baie goed, ek geniet dit steeds baie. Op 16 Oktober is "cleaner's appreciation day" gevier met geskenkies van die personeel en die kinders. Wat 'n bederf!

Ons gesin was op besoek aan Lake Cave in Margaret River, waar dit baie mooi is. 350 Trappe af en 350 trappe op. 62 Meter onder die grond kry jy 'n "Winter Wonderland", soos dit hier bekend staan, nav die pragtige wit stalagmiete en stalagtiete wat met ligte opgehelder word. Met 'n houtpaadjie stap jy deur die grot tot agter. Agter in die grot word die ligte afgeskakel en word jy betower met 'n beeldskone ligvertoning met gekleurde ligte wat die wit grot verander in 'n reënboog van kleure. Dan word al die ligte afgeskakel en sit jy in die donker, swart grot wat so stil is, jy hoor hoe elke druppel van die dak af drup tot in die stroom. Die ligte word weer na 'n tyd aangeskakel en dan sien jy weer die pragtige stalagmiete en stalagtiete weerkaats in die helder skoon stroom wat permanent deur die grot vloei. Dis die kleinste, maar die diepste grot in Margaret River. Die mond van die grot is omring met groot bome en pragtige varings. 'n Sprokieswêreld onder die grond.

Ek kan nie wag vir ons volgende avontuur nie.

Liebe

Hondekos / Dogfood

With Aloe extract to reduce ticks, fleas & parasites

Puppy
25% protein
8kg R310

Adult
18% protein
25kg R580

Adult
20% protein
2kg R80
8kg R310
10kg R335
20kg R560
50kg R1265

Beskikbaar by Wilma da Silva
Hoogstr 5 Piketberg
0842962031

liebenutrition.co.za

WYNLAND
-GRONDVERSKUIWING.com
082 416 2543

Masjinerie te huur:
* 5 tot 33t Slootgrawers
* Stootskrapers D6 & D8
* Padskrapers
* Dumpers
* Rollers
* Waterkarre
* Masjinerie vervoer
* Diggerloaders ens.

Dienste:
* Damme bou en herstel
* Paaie
* Bouplatforms
* Siviele werk
* Plaveisel pak
* Ontbossing
* Grondvoorbereiding
* GPS Rip en Ridgewerk
* Spitdol en Ontworteling

ROLAND RHODES
082 416 2543
wynlandplant@gmail.com

Praat Saam se Mnr en Mej Heelalwenners

Praat Saam Piketberg hou 'n eerste funksie met die doel om 'n goeie kamera aan te skaf en ook om die gemeenskap bymekaar te kry. Finaliste het elkeen 'n land verteenwoordig.

Die wenners van Mnr Heelal is Tshepo Mothethetho (Lesotho) en in die tweede plek Damion Maarman (Japan). Mej Heelal is Kiechaan Smith (Mexico), met eerste prinses Nasere Oks (Suid-Afrika) en tweede prinses Jocelyn Fieland (Finland).

SSS se Dux-leerder vir 2024

Marley-Kay Erasmus van SSS ontvang die Dux-toekenning (trofee en skild), ook die trofee vir die Beste Akademiese prestasie in matriek en ook die Michael Beukes-trofee vir Beste prestasie in Geskiedenis.

Steynville Sekondêr se jaarlikse Gholfdag

Steynville Sekondêr se jaarlikse Gholfdag op 5 Oktober by PPC De Hoek, was 'n reusesukses. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. Dankie aan die borge en donateurs: Hoofborg: Superspar Boland. Ander: The Outpost Family Restaurant, Liebco Vleishandelaars, Pensie se Spensie, Nicky Lategan Slaghuis Moorreesburg, The Views Gastehuis Piketberg, Kingdom Active, Oranje Slagtery Porterville, M & I Boekhandelaars, Cape Town Copiers, Total Winkelshoek, Trusc Wifi, Fox Build It, Dup Meubels, Pikkewyn, 2 Acres Hardeware, Die Wynhuis, Sanlam, Jerome Ockhuis, Meroline Ockhuis, Gerald Gordon, Moswin Moore, Quinten Somers, Joseph Lesch, Waldo Hanekom en Johannes Carolus.

SSS se Sportman en -vrou vir 2024

By Richard Erasmus is SSS se Sportman en -vrou vir 2024: Joyson van Rooy en Nickaylin van Wyk.

Iets interessants om te deel?

Artikels - Plaaslike Nuus - Rubrieke - Funksies - Vermaak - Foto's - Iets Interessants
Laat weet vir ons by
diepiketberger@gmail.com

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Trippe Trappe Kleurterskool het 'n fondsinsameling gehou waar SUPER-SPAR Boland 40 brode geskenk het. Razeen Winlock oorhandig die brode aan Theresa Engelbrecht.

Baie geluk aan Heinie Lambrechts, die wenner van die Buffelsfontein brandewyn Jack Sack! Sonja Fourie, ons nuwe PRO, het dit aan hom oor-handig.

The SUPERSPAR Boland Promotional Community Whatsapp Group.
Your Cell number won't be visible to others and remain private.
Scan to Join.

SUPERSPAR BOLAND

SOCCER CUP

Rhino Park, Piketberg

15-16 November 2024

TEAMS

* Broodkraal * Steenebrug * Mont Piket * Heimat
* Groenvlei * Rietkloof * Matroosfontein * PKLF

SCHEDULE

* Games on **Friday** from 16:00-19:00
* Games on **Saturday** from 08:00-20:00

LIVE MUSIC

FOOD & DRINKS

* Nyama choma braaiwors rolls
* GO Energy and isotonic drinks
* Boerewors rolls
* Coke cooldrinks
* Chikka chicken

NO ALCOHOL ALLOWED

TICKET SALES

* Tickets must be purchased from **Superspar Boland tills**
* No tickets will be sold at the entry of Rhino Park

SUPERSPAR BOLAND
SOCCER CUP
R10 PER TICKET

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP
SUPERSPAR
BOLAND
SOCCER CUP 2024

SUPERSPAR BOLAND

Valid until 30 November 2024

1 X CHEEKY CHIKKA BURGER,
1 X CHIKKA DRUMSTICK,
2 X SPAR HOT CHIKKA WINGS
& CHIPS

49.90

CHIKKA CHICKEN 2 PIECE
1 X CHIKKA DRUMSTICK,
1 X CHIKKA WING
& CHIPS

37.99

CHIKKA CHICKEN

The FOOD STALL